

Homo sapiens

As jy 'n mens is en nie 'n vreemde wese van 'n ander planeet nie, is jy deel van die **spesie** wat *Homo sapiens* genoem word.

Elke lewende **organisme** op hierdie [aarde](#) behoort tot 'n spesie. Honde behoort byvoorbeeld tot die spesie *Canis lupus familiaris*. 'n Spesie is 'n groep soortgelyke diere of plante en is 'n **kategorie** binne-in 'n **klassifikasiestelsel**.



Wat moet mens van spesies weet?

- **Individue** van dieselfde spesie kan **voortplant** om meer individue van dieselfde spesie te maak.
- As daar verskille tussen lewende dinge van dieselfde spesie is, word dit 'n **variasie**
- Variasie tussen mense kan **oorgeërf** As jou ouers byvoorbeeld baie lank is, kan jy daardie lengte oorerf en net so lank of selfs langer as hulle wees.



Meer oor die menslike spesie

Hominidae, in **dierkunde**, verwys na een van die twee lewende families van die aap-superfamilie, die *Hominoidea*.

Hominidae sluit die groot ape in – dit wil sê die orangoetangs (**genus** *Pongo*), die gorillas (*Gorilla*), en die sjimpansees en bonobos, oftewel groot ape (*Pan*) – asook mense (*Homo*).¹

Die term *Homo*, oftewel mense, word ook gebruik om te verwys na uitgestorwe spesies van die menslike geslag, waarvan sommige nou redelik bekend is danksy fossieloorblyfsels.

Wetenskaplikes glo dat die eerste hominiede (menslike) spesie tussen 2,5 en

4 miljoen jaar gelede in Oos- en Suider-Afrika ontstaan/geleef het.

Kom ons kyk verder: Die woord *Hominin* verwys na enige lid van die dierkundige stam *Hominin* (familie *Hominidae*, van die orde *Primate*). Met ander woorde, 'n *Hominin* is enige lid van die stam wat moderne mense, uitgestorwe mensspesies en al ons onmiddellike **voorsate** (soos lede van die genera, *Australopithecus*, *Paranthropus* en *Ardipithecus*) insluit. ²



Net soos jy en jou broers/susters en neefs/niggies van mekaar verskil, net so is daar verskille tussen die verskillende groepe binne-in die *Hominin*-stam. Hulle almal deel egter een kenmerk, en dit is die vermoë om regop te loop. ³

Maar nou wonder jy seker: is alle *Hominins* dan ook *Hominids*? Ja! Die rede hiervoor is dat wetenskaplikes en kenners aanvanklik die vroegste menslike spesies almal *Hominids* genoem het. Wetenskaplikes het egter intussen die begrippe en hul verklarings verander en **tot die volgende slotsom gekom**: Alle *Hominins* is wel *Hominids*, maar nie alle *Hominids* is *Hominins* nie. ²



Die Latynse name laat 'n mens se kop draai, maar tog is dit nodig, want op die ou end help dit jou om die mens se plek in die natuur en ons **evolusionêre** verhoudings met ons naaste lewende familielede te verstaan. ⁴

Die naam '*Homo sapiens*'

Homo sapiens beteken "wyse man" in Latyn en is een van verskeie spesies wat onder die genus *Homo* val, maar is wel die enigste een wat nog nie uitgesterf het nie.

Die naam *Homo sapiens* is vir die eerste keer in 1758 gebruik deur iemand wat vandag as die vader van die moderne klassifikasiestelsel bekend staan. Hy was 'n plantkundige en ontdekker, genaamd [Carl Linnaeus](#).



Carl Linnaeus

Daar is al lankal gedink dat ons as mense meer fisieke ooreenkomste met **primate** deel as met enige ander lewende organisme, maar dit het nogal in daardie tyd **waagmoed** van Linnaeus geverg om so iets te sê, want watter mens wil **in een asem** 'n aap genoem word!

Linnaeus het die klassifikasie gedoen op grond van soortgelyke **liggaamstrukture** tussen primate en mense. Charles Darwin se bekende boek oor [evolusie](#), *On the Origin of Species*, het eers 101 jaar later gevolg en dus was Linnaeus sy tyd nogal ver vooruit.



Sedertdien is daar al baie [fossiele](#) in die wêreld ontdek en ons weet nou dat daar baie uitgestorwe spesies is wat meer kenmerke met mense as ape gedeel het.

Daar is vandag steeds baie vrae oor of die spesies voor ons as mense geklassifiseer kon word. As 'n mens na veral **gedrag** kyk, dan sê wetenskaplikes dit is eintlik slegs *Homo sapiens* wat ten volle mens is.



Prehistoriese *Homo sapiens*

Wetenskaplikes het **bevind** dat *Homo sapiens* oorspronklik van [Afrika](#) is. Hoe lank terug die spesie ontwikkel het is nog baie **debatteerbaar**. Sommige kenners glo dat dit meer as 315 000 jaar gelede hul verskyning gemaak, terwyl ander dink dat dit tussen 200 000 en 100 000 jaar gelede was. ⁵



Die prehistoriese *Homo sapiens* was nogal **innoverend** en het gereedskap uit klip gemaak en selfs **gespesialiseerde** gereedskap soos vishake en **harpoene**, pyle en boë en selfs naalde om mee naaldwerk te doen!

Hulle het 'n groot deel van hul dag daaraan bestee om kos te vind en het eetbare plante gesoek en diere gejag. Teen sowat 164 000 jaar gelede het moderne mense al **skulpvvis** gekook en teen 90 000 jaar gelede het hulle gespesialiseerde **visgerei**

gemaak om mee vis te vang.



In die laaste 12 000 jaar het *Homo sapiens* begin om kos te **produseer**. Hulle het **gewasse** geplant en gesien hulle kon hul eie kos **verbou** en hul eie diere as 'n bron van kos aanhou. Hierdie ontdekking het tot landbou gelei. Die mens het al hoe slimmer geword en het gou vermeerder. As gevolg van hierdie vinnige aanwas, moes daar meer skuilings gebou word en so het dorpe - en mettertyd stede - ontstaan.

Moderne mense het 'n unieke kombinasie van gedrags- en fisieke kenmerke wat baie van die vroeë spesies nie oor beskik het nie. Die mens het byvoorbeeld 'n **komplekse brein** wat ons in staat stel om met mekaar te **kommunikeer**. Soos die omgewing meer onvoorspelbaar geword het, het groter breine ons voorsate gehelp om te oorleef.

Daardie voorsate het verskeie plante en vleis geëet, kon vuur maak, het in skuilings gebly, sosiale netwerke gebou en hulpbronne uitgeruil. Hulle het musiek en kuns gemaak (al was dit heel anders en eenvoudig) en begin om die aarde te **bevolk**.

Terloops, moenie vandag se sosiale netwerke van die mens verwar met dié van die eerste primate nie. Hulle het by vure, skuilings, water- en voedselbronne bymekaar gekom om te eet, te drink en te sosialiseer, iets wat veral soogdiere van dieselfde groep instinktief doen.



Evolusie

Daar is verskillende teorieë oor hoekom die liggame van die vroeë *Hominin*-stamme begin verander het om by hul omgewings aan te pas. Hierdie proses van verandering en ontwikkeling word evolusie genoem. Hul liggame het dus verander om by hul omgewing aan te pas en ons sê dat hulle geëvolueer het.

Volgens een teorie is dit omdat hulle beter by die droë klimaatstreke aangepas het en geëvolueer het soos die Afrika-savanne (grasvlakke) groter geword het. Volgens nog 'n teorie is die eerste *Hominins* uit hul blyplekke gedwing weens

omgewingsveranderinge wat die bosse laat krimp het. Hulle moes maar aanpas en hul **intellektuele vermoëns** het toegeneem.

Ongeveer 2,3 miljoen jaar gelede het die groep *Homo habilis* byvoorbeeld begin om eenvoudige gereedskap te maak. Ongeveer 'n miljoen jaar gelede het sekere spesies, soos *Homo erectus*, uit Afrika na **Eurasië** begin **migreer** waar hulle slimmer en slimmer geword het, soos die vermoë om **vuur** te maak en dit te beheer.



Eurasië

So om en by 60 000 jaar gelede het menslike **bevolkings** weg van die warm **ewenaar** begin trek en dit het byvoorbeeld tot allerlei variasies in velkleur, **haartekstuur** en gesigskenmerke gelei. ⁴

Soos vroeë mense in verskillende omgewings moes aanpas, het hul liggame ook begin verander om hulle te help om in warm of koel klimaatstreke te oorleef. In warmer streke was hul liggame byvoorbeeld smaller om hulle te help om koel te bly, terwyl lang bene hulle gehelp het om ver te loop. Veranderinge in **diëte** het ook gehelp om hul liggaamsvorm te verander.

Die liggame van die vroeë mense was anders as ons s'n omdat hulle soveel meer aktief was as ons. Daar was byvoorbeeld nie motors om goue afstande te ry nie. Daar was nie eens wankels nie. Hul bene was baie dikker en sterker as wat ons s'n vandag is. Menslike bene het vanaf ongeveer 50 000 jaar gelede **slanker** en swakker geword, omdat die mens se lewensstyl fisiek nie meer so uitdagend soos die eerste mense s'n was nie.



Dis interessant as 'n mens dink dat rugpyn en ander **skeletprobleme** **relatief** algemeen by moderne mense voorkom. Dit is as gevolg van evolusie. Volgens wetenskaplikes is hierdie pyn deel van die **nuwe-effekte** daarvan om regop te loop omdat ons nou ál ons gewig op slegs twee ledemate plaas.

Die stamboom

Die vroegste **kandidaat** vir hominin-status is blykbaar *Sahelanthropus tchadensis*. Die **skedel** is in Tsjad in Sentraal-Noord-Afrika gevind en wetenskaplikes het bevind dat hierdie groep tussen sewe en ses miljoen jaar gelede op aarde geleef het.



Sahelanthropus tchadensis

Daarna volg *Ardipithecus ramidus* (vyf miljoen jaar gelede), *Australopithecus afarensis* (vier miljoen jaar gelede), *Australopithecus africanus* (drie miljoen jaar gelede), *Homo habilis* (twee miljoen jaar gelede), *Homo erectus* (tussen twee en een miljoen jaar gelede), *Homo heidelbergensis*, *Homo neanderthalensis* en *Homo luzonensis* (minder as een miljoen jaar gelede). ⁶



Met die ontwikkeling van **tegnologie** word die **stamboom** gereeld hersien en die ouderdom van die fossiele hersien.

Met die ontdekking van elke “nuwe” fossiel, leer ons van meer *Homo*-spesies. In die laaste twee **dekades** het die aantal *Homo*-spesies byvoorbeeld van vier tot nege vermeerder. ⁷ Die fossiele van meer as 6 000 mense is al op aarde gevind en hulle verteenwoordig 'n paar van ons vroeë mensspesies.



Suid-Afrika se fossiele

[Suid-Afrika](#) is bekend daarvoor dat daar al **verstommende** fossiele hier gevind is.

As jy so gelukkig is om die Sterkfonteingrotte al te besoek het, sal jy weet waarvan ons praat. Die Sterkfonteingrotte by die [Wieg van die Mensdom](#) (duskant Krugersdorp) het al vele **vondste** opgelewer. Daar is byvoorbeeld fossiele van die genus *Australopithecus africanus* wat tussen 3,4 en 3,6 miljoen jaar oud is!



Die Tumulus-gebou by Maropeng se toerismesentrum by Wieg van die Mensdom naby Johannesburg

Prof. Raymond Dart het in 1924 die eerste *Australopithecus*-fossiel by Taung (nou deel van [Noordwes](#)) geïdentifiseer. Die Taung-kind het toe die spesienaam *Australopithecus africanus* gekry.

Prof. Robert Broom het in 1936 die eerste volwasse fossiel van die *Australopithecus*-groep ontdek. Sedertdien is honderde fossiele al ontdek, soos die wêreldbekende Mev. Ples wat in 1947 deur Broom en John Robinson gevind is. Die Wieg van die Mensdom het ook fossiele opgelewer wat nie deel van die *Australopithecus africanus*-groep is nie. Die Makapansgatvallei is nog 'n plek in Suid-Afrika wat bekend is vir fossiele. ⁸



Woordbank

bevind	Iets vasstel ná 'n ondersoek.
bevolk	Bewoon, van inwoners voorsien.
bevolkings	Die inwoners van 'n land of plek.
brein	Verstand, harsings.
debatteerbaar	Wanneer 'n onderwerp in die openbaar bespreek kan word met verskillende standpunte daaroor.
dekades	Tydperke/-vakke van 10 jaar.
dierkunde	Die wetenskaplike studie van diere; soölogie.
diëte	Verskillende stelle eetreëls of -voorskrifte in verband met die kos wat iemand daaglik (mag/moet) eet.
Eurasië	Die uitgestrekte kontinentale landmassa wat beide Europa en Asië insluit. Dit strek van die westelike grense van Europa tot by die Stille Oseaan-kus van Rusland.
ewenaar	Groot denkbeeldige sirkel wat om die middel van die aardbol gaan en ewe ver van die Suid- en Noordpool is; ekwator.

evolusionêre	'n Geleidelike en natuurlike proses van ontwikkeling.
fossiele	Die oorblyfsels van 'n dier of plant wat in gesteentes in die aardkors behoue gebly het.
gedrag	Optrede; hoe jy jou voor/tussen ander gedra.
genus	Kleinste kategorie van verwante soorte (meervoud: genera/genusse).
gespesialiseerde	In hierdie geval praat ons van "pasgemaakte".
gewasse	Bepaalde soort plante, veral in die landbou, soos mielies en koring.
haartekstuur	Hier word verwys na die verskillende tipes hare, soos dik, dun, styl, krullerig, ens.
harpoene	Pylvormige werpspies aan 'n tou, vroeër veral gebruik om walvisse mee te vang.
het dit gemaak	Het dit reggekry.
historiese	Bekend uit die geskiedenis; wat werklik gebeur het; geskiedkundig.
individue	Mense, persone, enkelinge.
in een asem	Saam genoem.
innoverend	Iemand wat iets nuuts skep/uitdink; vars, vernuwend.
intellektuele vermoëns	Om slim dinge te kan doen.
kandidaat	Die mees geskikte wat kan aanspraak maak op iets.
kategorie	Soort, groep, afdeling.
klassifikasiestelsel	Indeling/verdeling in klasse/groepe.
kommunikeer	Om aan iemand inligting oor te dra en/of van iemand inligting verkry deur taal/woorde/gebare/skrif/tekens/ens. te gebruik.
komplekse	Ingewikkelde, gekompliseerde.
liggaamstrukture	Hoe die mens se lyf en skelet gevorm is.
migreer	Wanneer mense of diere 'n land/plek/streek verlaat en na 'n ander gebied trek om hulle daar te vestig.
newe-effekte	Nawerking, bykomende uitwerking, nadraai, gevolg.
omgewingsimpak	Invloed/uitwerking op die omgewing/natuur.

oorgeërf	'n Uiterlike wesenskenmerk/geestelike eienskap van 'n voorouer kry.
organisme	Enige individuele vorm van lewe.
primate	Dit is die groep soogdiere wat die hoogste ontwikkel is soos gorillas, sjimpansees, bobbejane en ape.
produseer	Maak; vervaardig.
relatief	Betreklik.
skedel	Kopbeen.
skelet	Geraamte.
skulpvis	Seediere soos 'n mossel, perlemoen, oester, kreef, ens.
slanker	Skraler, dunner.
soogdiere	Diere wat 'n ruggraat (werwelkolom) het en wat bedek is met hare. Hul kleintjies word lewendig gebore en gesoog (met melk van die ma gevoer).
spesie	Dis 'n groep soortgelyke diere of plante.
stamboom	Familie-/afkomsregister, herkoms uit die voorgeslag.
tot die volgende slotsom gekom	Tot die gevolgtrekking gekom; bevinding.
tegnologie	Masjiene, toerusting en maniere om dinge te doen wat op moderne kennis van die wetenskap en rekenaars gegrond is.
variasie	Afwyking, anders, verandering.
verbou	Kweek, aankweek, laat groei, plant, saai.
verstommende	Ongelooflik, verbasend, verbysterend.
visgerei	Hengel- of visgereedskap (bv. visstok, -lyn, -hoek, ens.).
vondste	Goed wat gevind word. Verskil van die woord "fonds" wat geld beteken.
voorsate	Mense van wie 'n persoon afstam, jou voorouers; voorgeslagte.
voortplant	Vermenigvuldig, vermeerder; laat voortbestaan.
waagmoed	Dapperheid, durf.

Artikels oor Homo sapiens

- [Leer meer oor *Homo sapiens*](#)
- [Mense en hul voorvaders](#)

Kyk hierdie video's om meer te wete te kom

[Wat het jy nie van die spesie geweet nie?](#)

Wie was die mense van lank, lank gelede?

***Homo sapiens*: Die geskiedenis**